

VROUE IN DIE NUWE POLITIEKE BEDELING IN SUID-AFRIKA

Annette Strauss*

Summary

In this article attention is being paid to the insistence on and the policy of larger representation of women in politics and the extent to which this has been realised in the new dispensation. The contribution of women, especially in senior positions, since 1994, is also evaluated.

Phenomenal progress concerning the number of women participating in government on all levels, has indeed been made. In each election more women came to the fore. The question is, however, posed by some whether democracy is being served by giving preference to forced equality above freedom and whether merit should not always be the criterium.

1. INLEIDING

In hierdie artikel word aandag geskenk aan die aandrang op en beleid van groter verteenwoordiging van vroue in die politiek en die mate waarin dit in die nuwe bedeling verweesenlik is. Die bydrae van vroue, veral in senior poste, sedert 1994, word ook onder die loep geneem.

Met die opening van die parlement na die verkiesing in 1994 het die toneel geheel en al verskil van vorige soortgelyke geleenthede. Daar was mense van alle rasse, geslagte en gelowe, talle van hulle geklee in vrolike etniese drag, teenwoordig. In die sittings wat gevolg het, was daar, in teenstelling met die verlede, 'n see van vrouegesigte in die raadsaal te bespeur.

2. DIE AANDRANG OP VROUEVERTEENWOORDIGING

Gelykstelling van die geslagte het nie vanself gebeur nie - dit is deur 'n lang stryd voorafgegaan. In Suid-Afrika het vroue, maar slegs blanke vroue, in 1930 vir die eerste keer stemreg en die reg om verkies te word, verkry. Tydens die bevrydingstryd van swart Suid-Afrikaners het die klem aanvanklik net op nasionale bevryding geval. Die African National Congress (ANC) se Vroueliga (ANCWL) is in

* Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat.

1943 gestig, maar het nie dadelik aangedring op vroueregte in die party nie - vroue is destyds net gesien as eggenotes en moeders. Vroue, veral in die ANC, het egter algaande begin aandring op geslagsgelykheid. Hulle het immers saam geveg in die stryd. Baie van hulle was bannelinge en van hulle is ingesluit in Umkhonto we Sizwe (MK). Teen 1989 was 20% van MK vroue; tog het hulle nooit hoë poste beklee nie.

Sedert die tagtigerjare het die ANC begin om aandag aan gelykheid te gee. In 1990 het die beweging se Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) verklaar dat vroue-bevryding nie 'n neweproduk van nasionale bevryding is nie, maar in eie reg aandag moet geniet. Dit was 'n uitsonderlike siening in Suider-Afrika. Mosambiek en die Seychelles is die enigste twee ander lande in die streek met 'n redelike hoë persentasie vroue-verteenvoording in regeringsliggame. In Zimbabwe en Namibië het vroue baie aktief aan die bevrydingstryd deelgeneem, maar hulle geniet geen (of weinig) verteenwoordiging in dié liggame nie. Die fout wat hulle gemaak het, was om nie betyds aan te dring op gelykheid nie. G Geisler skryf: "Unlike in any other African country, South African women have come from a life of struggle which has emboldened them to push for gender equality policies within their party and to get a foot into the door of the opportunity that the transition to majority rule constituted."

Intussen is die United Democratic Front (UDF), waarin al die anti-apartheids-bewegings byeengebring is, in 1983 gestig. Een van die stigterslede en medevoorsitter was 'n vrou, Albertina Sisulu. Hoewel daar net 'n paar vroue in die uitvoerende bestuur gedien het, was daar tog baie vroueleiers in geaffilieerde groepe. Die UDM het nie-seksisme as beleid aanvaar.¹

Die Nasionale Vrouekoalisie (Women's National Coalition) is op 26 April 1992 gestig en was die grootste en mees verteenwoordigende vroueorganisasie in die land. Dit het 'n ledetal van meer as twee miljoen vroue vanuit die hele politieke, kulturele en godsdiensspektrum gehad. Die hoofdoel was om 'n dokument op te stel m.b.t. vroueregte sodat dié regte in die grondwet ingesluit sou word.² Daar was baie verskille tussen die vroue, maar dit was nodig dat hulle saamstem terwyl dit nog moontlik was om die nuwe Suid-Afrika te beïnvloed. P Horn skryf dat hulle daarin geslaag het om hul verskille te oorbrug sodat hulle tot 'n doeltreffende gesamentlike mag opgebou kon word.³ 'n Vrouehandves vir Doeltreffende Gelykheid is na gesaghebbende navorsing saamgestel en op 8 Augustus 1994 deur die sameroeper, Jean Ngubane, aan pres. Nelson Mandela oorhandig.

¹ G Geisler, Parliament is another terrain of struggle: women, men and politics in South Africa, *Journal of African History* 38(4), p.605.

² P Horn, A gender agenda: The new women's coalition, *Indicator South Africa* 9 (3), p.85.

³ *Ibid*, p.88.

3. DIE AANLOOP TOT DIE NUWE BEDELING

In die aanloop tot die nuwe bedeling in Suid-Afrika is baie klem gelê op gelykheid vir almal. By Kodesa I (die veelparty-onderhandelinge vir 'n nuwe bedeling) is daar op 20 Desember 1991 'n Verklaring van Voorneme uitgereik. Ondertekenaars het onderneem om 'n onverdeelde Suid-Afrika tot stand te bring waarin, onder meer, gestreef sal word na **gelykheid** vir almal, ongeag ras, kleur, **geslag** of geloof.⁴

In die debat wat gevolg het op president FW de Klerk se openingstoespraak in die parlement op 29 Januarie 1992, het Sheila Camerer, destydse lid van die Nasionale Party vir Rosettenville en Adjunkminister van Justisie, daarop aangedring dat vroue se rol in die opbou van 'n nuwe Suid-Afrika erken en benadruk moes word. Vroueorganisasies moes uitgenooi word om hul standpunte en voorstelle by Kodesa se werksgroepe voor te lê. Feitlik alle politieke partye het hulle reeds in daardie stadium tot gelykheid vir vroue verbind.⁵

Hoewel vroue ongeveer 54% van die land se bevolking uitmaak, was al 60 verteenwoordigers van die 19 politieke partye by Kodesa II se voorbereidende vergadering mans. By die eerste rondte samesprekings is vroue deur minder as 7% van die afgevaardigdes verteenwoordig. Vrouepolitici was ontstoke hieroor. Helen Suzman, veteraan parlamentslid van die Demokratiese Party (DP), het aangedring op 'n komitee vir gelyke geleenthede. Dene Smuts, DP-Lid van die Volksraad en Frene Ginwala, een van die onderhandelaars van die ANC, het ook protes aangeteken. Smuts het daarop gewys dat die bestuurskomitee by Kodesa I opdrag gekry het om na maniere te soek om verteenwoordiging deur vroue te kry. Daar is voorgestel dat 'n vrouewerksgroep, bestaande uit verteenwoordigers van al 19 deelnemende partye, tot stand gebring word om as 'n soort waghond op te tree wat betref die vyf bestaande werksgroepe waarop net mans gedien het.⁶

'n Geslagsraadgewende komitee wat as 'n subkomitee van die bestuurskomitee gefunksioneer het, is vervolgens aangewys. Die komitee moes die bestuurskomitee en werksgroepe oor geslagsake raadgee. Hoewel die komitee kleiner was en mindere status geniet het as die werksgroepe, moes dit 'n verslag opstel wat die konsensus van alle partye by Kodesa weerspieël het en wat by Kodesa II gedebatteer sou word. Die komitee het uit een lid en een raadgever van elke deelnemende party bestaan. Dit het min tyd gehad om 'n verslag voor te berei en die voorstelle was redelik vaag. Tydens Kodesa II is daar nie aandag aan die verslag gegee nie. Tog is 'n voorstel van Frene Ginwala dat die komitee na die beraadslagings moes voortbe-

⁴ **Cape Times**, 20 Desember 1991. Teks van die Verklaring van Voorneme.

⁵ **The Citizen**, 30 Januarie 1992.

⁶ **The Natal Mercury**, 17 Maart 1992.

staan, aanvaar. Die komitee het Kodesa II, wat ineengestort het, dus oorleef, maar nie die werkgroepe nie. Die aanwysing van die komitee was van simboliese betekenis, maar die kort geskiedenis daarvan dui op die onwilligheid van die groot politieke spelers van daardie tyd om deurlopend aan geslagskwessies aandag te gee.⁷

Toe onderhandelinge in April 1993 hervat is, is daar by die eerste vergadering van die Onderhandelingsraad, in reaksie op voorleggings van vroueorganisasies soos die Nasionale Vrouekoalisie en die ANC se Vroueliga, besluit dat die insluiting van vroue in die Onderhandelingsforum en die Onderhandelingsraad verpligtend sou wees.⁸ Hierdie toegewing is na 'n lang stryd verkry. Vroue se deelname het verseker dat die Handves van Menseregte geslagsvriendeliker was. Hulle het saamgestaan om 'n aanslag deur die tradisionele leiers op die gelykheidsklousule in die Handves af te weer.⁹

In die aanhef tot die oorgangsgrondwet (Wet 200 van 1993) word verskeie nasionale ideale, waaronder gelykheid vir almal, uitgelig. Die derde hoofstuk van die grondwet behels 'n handves van fundamentele regte, waarvan die reg op gelykheid 'n deel vorm. President de Klerk het die versekering gegee dat daar in die finale grondwet voorsiening gemaak sou word vir 'n geslagsgelykheidskommissie wat aanbevelings aan die parlement kon maak aangaande wetswysings wat die status van vroue sou verhoog. Dit is deur Sheila Camerer as die vervulling van 'n droom verwelkom.¹⁰

Nadat onderhandelinge afgehandel is, het die land hom begin voorberei op die eerste demokratiese verkiesing op 27 April 1994. In daardie stadium was slegs agt uit 308 (2,7%) parlamentslede vroue - darem ietwat beter as in die dae toe Helen Suzman die enigste vrou in die parlement was. Die regerende Nasionale Party het slegs een vrou, dr. Rina Venter, in die kabinet gehad as Minister van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling en Sheila Camerer was die Adjunkminister van Justisie. Vir die eerste keer sedert vroue die stemreg gekry het, is twee vrouepartye gestig en vir die verkiesing geregistreer: *Keep it straight and simple (KISS)* en die *Women's Right Peace Party* wat deur Constance Khoza gestig is. Khoza het besluit om haar eie party te stig toe sy sien hoe min vroue as kandidate op die verskillende partye se verkiesingslyste verskyn.¹¹ Truida Prekel, bestuurskonsultant van Pretoria, het voorspel dat vroue voortaan nie net meer 'n ondersteunende rol in die politiek sou speel, en koeksisters en terte bak om geld vir hul mans se politieke partye in te

⁷ S. Friedman (red.), **The long journey** (Johannesburg, 1993), p.129.

⁸ Notule, Onderhandelingsforum, 1 April 1993.

⁹ **Die Volksblad**, 28 Oktober 1996.

¹⁰ **Sowetan**, 22 April 1994.

¹¹ **City Press**, 20 Februarie 1994.

samel nie. Vroue van alle rasse en politieke oortuigings sou uit die kas klim om 'n onafhanklike politieke rol te speel.¹²

Omdat partye bewus was daarvan dat vrouekiesers in die meerderheid was en ook weens die aandrang op gelykheid, het hulle hul gehaas om vroue in belangrike posisies aan te stel en op hul kandidaatlyste te plaas. Die Pan Africanist Congress (PAC) het Sphiwe Sithole as direkteur van publisiteit en inligting aangestel.¹³ Sy het 'n graad in joernalistiek by Rhodes en bemarkingsdiplomas elders verwerf. Die DP het daarop aanspraak gemaak dat hulle die eerste party was om 'n vrou as premier voor te stel. Op 15 Januarie 1994 is Venge Habile as leier van die DP in Oos-Transvaal gekies en eerste op die provinsie se kandidaatlys geplaas. Patricia de Lille van die PAC het die voorste plek op haar party se lys in die Westelike Provinsie bekleed.¹⁴

By die NP se federale kongres het Sheila Camerer benadruk dat haar party uit sy pad gegaan het om vroue aan te moedig om hulle as kandidate beskikbaar te stel. Op die nasionale en provinsiale lyste van die party was egter net 11% van die kandidate vrouens - baie van hulle uit die swart gemeenskap.¹⁵

Ten spyte van aansienlike vordering in vergelyking met die situasie in die ou bedeling, is daar in die aanloop tot die verkiesing geskat dat slegs 20% van die parlementariërs na die verkiesing vroue sou wees.

4. DIE SITUASIE NA DIE 1994-VERKIESING

Teen Augustus 1996 was daar 117 vroulike lede in die twee huise van die parlement, 101 uit 400 lede van die Nasionale Vergadering (NV), 16 uit 90 lede van die Nasionale Raad van Provinsies (NRP) en 15 van die 60 voorsitters van komitees. Met 101 (25%) vroulike LP's het Suid-Afrika die sewende meeste vroue ter wêreld in die regering gehad - ver voor die VSA (11,7%), Brittanje (9,5%) en Australië (15,5%). Die vier vroulike ministers, N Dlamini-Zuma (Gesondheid), S Sigcau (Openbare Ondernemings), S Mthembu-Nkondo (Behuising) en GFraser-Moleketi (Welsyn en Bevolking) en sewe (in 1997 is nog een bygevoeg) adjunkministers was meer as in enige ander Westerse demokrasie. Volgens dr. Frene Ginwala (speaker van die NV) was die 25% vroulike LP's steeds te min en het sy dit as skandalig beskou dat slegs agt van die 54 permanente lede van die NRP vroue was.¹⁶

¹² **Beeld**, 15 Maart 1994.
¹³ **The Citizen**, 10 Maart 1994.
¹⁴ **Ibid.**
¹⁵ **Nasionalis**, 31 Maart 1994.
¹⁶ **The Citizen**, 17 April 1997.

Die ANC het op hierdie tydstip 84 vroue in hulle geledere in die parlement gehad (volgens hul grondwet moes minstens een derde van hul verteenwoordigers vroue wees), die IVP en die NP nege elk en die PAC en DP een elk, naamlik Patricia de Lille en Dene Smuts. Bekende IVP-vroue was dr. Ruth Rabinowitz, Susanne Vos, Lindiwe Mbuyazi, dr. Harriet Ngubane en Jeanette Vilakazi.¹⁷ Soos ook in die geval van manlike ANC-vertegenwoordigers, is baie van die vroue, veral in senior poste, vergoed vir hulle rol in die bevrydingstryd. Dit was juis in dié stryd dat hulle politieke vaardighede aangeleer het.

Die getal vroue in die parlement het dus aansienlik toegeneem, maar vroue het steeds slegs een of twee posisies in parlementêre komitees gevul. Volgens een van die vroulike parlamentslede, Mavivi Manzini, het hulle sonder ondersteuningsstrukture gewerk en was daar 'n behoefte aan beter samewerking tussen hulle en vroueorganisasies en selfs individue. Hulle was in die parlement besig om 'n vroueforum oor partygrense heen op die been te bring sodat hulle oor sekere kwessies kon saamwerk, maar sy het 'n beroep op vroueorganisasies gedoen om hulle invloed te gebruik en die vroue in die parlement te ondersteun. Die vroulike parlamentslede was nog besig om by die parlement en die hoë werklas aan te pas, maar het reeds 'n paar suksesse behaal wat vroue en kinders betref, soos gratis mediese behandeling vir kinders onder ses. Hulle het ook daarop aangedring dat gesondheidsdienste en lopende water vir almal in die opstel van die finale grondwet onder die loep geneem moes word.¹⁸

Vir die meeste vroue was dit 'n ietwat vreemde ervaring om hul weg in die parlement met sy protokolle en prosedures te vind, maar deur die metode van leer en probeer, het hulle dit tog gou baasgemaak. Hulle was gelukkig dat die Suid-Afrikaanse Parlement een van die weiniges in die wêreld is wat vir die versorging van parlamentslede se kinders voorsiening maak en ook probeer om laataand-sittings tot 'n minimum te beperk. Daar was enkele oorblyfsels van die vorige patriargale stelsel, maar oor die algemeen is vroue as vennote in die politiek aanvaar en daar is kennis geneem van die goeie werk wat hulle in die parlement verrig.¹⁹

Op ander regeringsvlakke het vroue dieselfde ervarings gehad. Raadslid Zodwa Nxumalo van die Johannesburgse plaaslike owerheid het beskryf hoe sy dit beleef het. Dit was soos om op 'n voortsnellende trein te wees waar jy rondval en struikel, maar uiteindelik jou balans vind. Aanvanklik het die streng reëls haar verwar, maar algaande het dit begin sin maak. Waar sy eers nie 'n woord in vergaderings kon

¹⁷ **The Star**, 8 Augustus 1996.

¹⁸ **The Daily News**, 14 Maart 1995.

¹⁹ **The Citizen**, 17 April 1997.

uitkry nie, kon sy weldra 'n bydrae lewer. Daar was 'n gebrek aan ervaring en kennis by vroue. Claire Quail sê dat sy 'n huisvrou met 'n geskiedenisgraad was wat skielik talle rolle moes versoen om aan die groeiende eise van plaaslike regering te voldoen. Vir vroue wat gewoon was om aan die stryd teen die owerheid deel te neem, was dit vreemd om nou aan die ander kant van die draad te wees. Wat hulle veral frustreer het, was die rompslomp. Dit was vir hulle moeilik om aan hul ondersteuners te verduidelik hoekom dit so lank neem voordat hulle aanspraak op byvoorbeeld water en behuising aandag kry. Hulle het geglo dat hulle vergeet word.²⁰

In Maart 1995 het die ANC 'n vrou as voorsitter van sy koudes verkies - Baleka Kgositsile. Sy was 'n lid van die ANC se onderhandelingspan by Kodesa. In dieselfde maand is Winnie Mandela deur Brigitte Mabandla as Adjunkminister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie opgevolg. Ook sy was deel van die ANC se onderhandelingspan en het haar toegespits op navorsing en beleidsontwikkeling oor grondwetlike erkenning van maatskaplike en ekonomiese regte, veral ten opsigte van geslag en kinders.

Kritiek is in hierdie tyd deur die African Women's Organisation, 'n vleuel van die PAC wat onder nuwe leierskap herleef het, uitgespreek oor die rol wat die Regering se Geslagsgelykheidskommissie gespeel het. Daar is gevoel dat vroue nog hopeloos onderverteenwoordig in die politieke arena was. Hulle het beplan om die PAC te dwing om in die volgende plaaslike regeringsverkiesings vroue se deelname te verbreed. Hulle sou daarop aandring dat 50% van die PAC se kandidate vroue moes wees. Daar is ook werkswinkels beplan waar vroue vir deelname aan die plaaslike verkiesings voorberei sou word.²¹ Wat die ANC betref, het pres. Mandela daarop gewys dat bykans die helfte van sy kandidate vir die plaaslike verkiesing vroue was.²²

Volgens Sheila Camerer het die groter verteenwoordiging van vroue in die parlement gesorg vir meer deernisvolle wetgewing wat na die weerloses in die gemeenskap omsien. Dit kan duidelik gesien word in Suid-Afrika se Handves van Menseregte wat, gemeet aan enige standarde, besonder vooruitstrewend is.²³

Glenda Daniels van **The Star** het tereg gevra of groter verteenwoordiging ook groter deelname beteken. Sy het bevind dat vroue van die belangrikste poste vul en dat die meeste vroue in die parlement 'n wesentlike bydrae gemaak het wat verandering en veral geslagsgelykheid betref.²⁴

²⁰ **The Daily News**, 8 Augustus 1997.

²¹ **Sowetan**, 12 Junie 1995.

²² **Die Burger**, 14 Augustus 1995.

²³ **The Citizen**, 17 April 1997.

²⁴ **The Star**, 8 Augustus 1996.

Vroue wat 'n besondere bydrae gelewer het, was onder andere die formidabele speaker van die Nasionale Vergadering, Frene Ginwala, wat nie net bekend was omdat sy die eerste nie-wit en eerste vroulike speaker was nie, maar ook weens haar bekwaamheid, intelligensie en uitgesproke feminisme. Sy het ook ontslae geraak van sommige van die onnodige, outydse tradisies van die parlement en daarmee die streng formele karakter verander en 'n baie meer informele en gemoedelike atmosfeer geskep.²⁵ Tydens die Kodesa-gesprekke was sy een van die ANC se onderhandelaars wat seker gemaak het dat vrouekwessies bo-aan die agendas bly.²⁶ Een vrou wat gedurig die kalklig steel, is Patricia de Lille, toe nog van die PAC. Dene Smuts van die DP se uitsprake is ook dikwels op die televisie en in die media weergegee.

Sankie Mthembu-Nkondo het een van die belangrikste portefeuljes in die land, behuising, bekleed. Teen 1996 was die tempo waarteen huise voorsien is, nog maar stadig, maar sy het aangekondig dat R6,5 miljard daarvoor opsy gesit is. Geraldine Fraser-Moleketi, Minister van Welsyn en Bevolking, het sterk standpunt ingeneem wat geslagskwessies betref. Sy het onderneem om die aandag op vrouekwessies en veral gesinsgeweld te vestig. Verder het sy die regering gekritiseer omdat daar in sekere opsigte so min vordering was, byvoorbeeld wat die voorsiening van skuilings vir mishandelde vroue betref. Geen voorsiening is in die begroting daarvoor gemaak nie.²⁷

Gill Marcus, voorheen van die Reserwebank, is gedurende die tweede helfte van 1996 as Adjunkminister van Finansies aangestel. Sy is uiters bekwaam maar verkies gewoonlik om uit die kollig te bly. Twee ander vroue wat tot adjunkministers bevorder is, was Phumzile Nguka en Lindiwe Sisulu.²⁸ Baleka Kgositsile, na wie hierbo verwys is toe sy tot voorsitter van die ANC se koukus verkies is, het in hierdie tyd adjunkspeaker van die Nasionale Vergadering en medevoorsitter van die subkomitee wat die status van vroue hanteer, geword. Sy is 'n kampvegter vir die verbetering van vroue se vaardighede.

President Mandela het 'n nuwe pos, dié van Adjunkminister van Minerale en Energiesake, geskep en Susan Shabangu in die pos aangestel. Sy was 'n bekende in vakbondgeledere en het as een van 'n span van twintig Cosatu-vertegenwoordigers na die parlement gekom. Gedurende die bevrydingstryd het sy die land vol gereis om vroue te mobiliseer. Mavivi Mayakayaka Manzini, voorheen 'n ANC-banneling, is aangestel as die voorsitter van die kommissie wat die status van vroue ondersoek

²⁵ **Ibid.**
²⁶ **Pretoria News**, 9 Augustus 2003.
²⁷ **The Star**, 8 Augustus 1996.
²⁸ **Sowetan**, 16 Desember 1997.

en het veral aandag aan die opvoeding van vroue en die probleme van plattelandse vroue gegee.

Pregs Govender was voorheen 'n projekteier by die Nasionale Vrouekoalisie en was lid van bogenoemde kommissie wat die status van vroue ondersoek het en van die staande begrotingskomitee waar sy voorbrand vir vroue gemaak het. 'n Voormalige aanvoerder van Umkhonto we Sizwe en uitvoerende lid van die Kommunistiese Party, Thenjiwe Mtintso, was een van die formidabele vroue wat lid van die parlement geword het. Sy het in die Verdedigings-, Reëls- en Veiligheid- en Sekuriteitskomitees gedien. Nog 'n uitgesproke LP is Naledi (Grace) Pandor wat in die Portefeuljekomitees op Onderwys, Openbare Ondememings en Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie gedien het.²⁹

'n Vrou wat meer dikwels weens omstredeheid in die kollig was as vir haar prestasies, was die Minister van Gesondheid, Nkosozana Zuma. Sy was onder meer verantwoordelik vir die Sarafina 2-debakel waar geld verkwis is op 'n onsuksesvolle opvoering wat as propaganda in die stryd teen Vigs bedoel is. Aan die ander kant het sy wetgewing laat deurvoer waarvolgens rook in die werkplek en openbare plekke verbied word, wat tot 'n gesonder nasie kan lei. Sy het jong dokters op hul agterpote gehad oor hul verpligte gemeenskapsdiensjaar. Mettertyd het die klagtes minder geword en dien dit die doel om mediese dienste wyer te versprei.³⁰

Op 1 Maart 1996 is nog 'n vrou, Eileen Shandu van die Inkatha Vryheidsparty (IVP), as adjunkminister ingesweer - in die portefeulje Openbare Werke. Dit was 'n nuwe pos wat geskep is om die minister se werkklas te verminder. Sy het oor 'n BA-graad van die Universiteit van Natal beskik en was voorheen 'n skoolhoof en inspekteur van skole. Haar aanstelling is deur politieke ontleders gesien as 'n poging van president Mandela om die politieke spanning in KwaZulu-Natal te verlig.³¹

Vroue is toenemend in senior posisies aangestel omdat hulle bekwaam was, maar in sommige gevalle was daar bykomende, meestal politieke redes, soos met die aanstelling van Shandu.

5. DIE AANLOOP TOT DIE 1999-VERKIESING

'n Groot vraag voor die 1999-verkiesing was of vroue hulle 25% verteenwoordiging in die Parlement sou kon verbeter of selfs net handhaaf.³² Die Vroueliga van die

²⁹ **The Star**, 8 Augustus 1996.

³⁰ **Ibid.**; Rapport, 9 Mei 2004.

³¹ **Sowetan**, 1 Maart 1996.

³² **The Citizen**, 17 April 1997.

ANC (ANCWL) het in April 1997 by hul kongres in Rustenburg betoog dat dit na ten minste 50% in sowel die parlement as op ander regeringsvlakke opgeskuif moes word. Hulle het ook daarop aangedring dat vroueleiers behoorlik opgelei moes word om hul take te kon uitvoer.³³

In Februarie 1998 is sewe uit die vyftien setels op die invloedryke Nasionale Werkskomitee van die ANC aan vroue gegee. Thoko Dediza, Gill Marcus, Frene Ginwala, Baleka Kgositsile, Nkosazana Zuma, Brigitte Mabandla en Mavivi Myakayaka-Manzini (adjunkpresident Mbeki se parlementêre raadgewer) was die aangewesenes. Die NUK van die ANC het ook vir Stella Sigcau, Thandi Modise en Nosiviwe Mapisa gekoöpteer. Die groot verteenwoordiging van vroue was 'n aanduiding van die ANC se vasberadenheid om die belange van vroue te bevorder en dit sou ook uit hulle kandidaatlys vir die 1999-verkiesing blyk.³⁴

In die aanloop tot die 1999-verkiesing het 1,5 miljoen meer vroue as mans hulle vir die verkiesing geregistreer.³⁵ Politieke partye het al hoe meer beseft dat hulle vroue in groter getalle op hul kandidaatlyste moes hê om hul geloofwaardigheid te bewys. Dit was 'n oorwinning vir die kampvegters van vroueregte deur dekades heen. Die ANC was bo aan die lys deurdat 33% van sy kandidate vroue was, waarvan drie onder die boonste tien - dr. N Zuma, W Madikizela-Mandela (nie in alle ANC-kringe gewild nie, maar kon nie oor die hoof gesien word as president van die ANC se Vroueliga nie), en G Fraser-Moleketi³⁶ - teenoor een, Albertina Sisulu, in 1994³⁷, gevolg deur die United Democratic Movement (UDM) met 23%, die NNP met 18%, die PAC met 15% en die IVP met 11%. Nie een van die groot partye het 'n vrou as leier gehad nie. Die ANC het 'n definitiewe beleid en 'n kwotastelsel gehad wat vrouevertenwoordiging betref, terwyl die opposisieparty se aansprake op geslagsgelykheid nie so geredelik in hul kandidaatlyste weerspieël is nie.³⁸ Hulle verweer was dat 'n kwotastelsel vir bekwame vroue vernederend was - sukses moes behaal word op grond van meriete en nie van geslag nie.³⁹

Dr. Zuma was die ANC se gewildste vrouepolitikus - sy het van nommer 51 op die 1994-lys na nommer drie opgeskiet, gevolg deur Fraser-Moleketi wat van nommer 61 tot nommer ses gevorder het. Nkosazana Zuma is 'n vrou wat nie wegstroom van omstredeheid nie en dit skyn asof sy redelik ongeskonde uit elke skermutseling kom. Sheila Camerer, wat die tweede plek op die NNP se lys gevul het, was die

³³ **Sowetan**, 29 April 1997.

³⁴ **The Star**, 23 Februarie 1998.

³⁵ **The Cape Times**, 5 Mei 1999.

³⁶ **The Daily News**, 27 Mei 1999.

³⁷ **The Star**, 14 Mei 1999.

³⁸ **The Star**, 7 Mei 1999.

³⁹ **Cape Argus**, 8 Junie 2000.

party se woordvoerder oor justisie en het in September 1997 geskiedenis gemaak toe sy tot haar party se leier in die Nasionale Vergadering verkies is - die eerste vrou en die eerste Engelssprekende om dié pos te vul. Dene Smuts, voorste vrou van die DP, was 'n raadgewer en afgevaardigde na Kodesa en die veelparty-onderhandelings te Kemptonpark en het 'n belangrike rol gespeel in die onderhandelinge oor Suid-Afrika se nuwe grondwet. Die PAC se Patricia de Lille was vierde op haar party se kandidatelys en bekend vir haar bemoeienis met gewone mense op grondvlak. Sy was voorheen 'n vakbondleier en die PAC se hoof-onderhandelaar by die Wêreldhandelsentrum in Midrand.⁴⁰ Ander vroue wat indruk gemaak het, was onder andere Nonhlanhla Nkabinde, tweede op die kandidaatlys van die UDM (wat haar bekendheid eintlik aan haar oorlede man, Sifiso, te danke gehad het - hy was die UDM se leier in KwaZulu-Natal) en Annelize van Wyk, derde op die UDM se lys. Nadat sy die NP verlaat het, is sy binne maande as die UDM se Adjunk-Algemene Sekretaris aangestel. Eileen kaNkosi Shandu was die magtigste vrou in die IVP. Sy was eers die LUR vir Onderwys in Natal en het in 1994 parlamentslid en in 1996 Adjunkminister van Openbare Werke geword. Sy is gekies om die IVP se verkiesingstryd in Mpumalanga te lei. Dan was daar Julie Kilian van die NNP. Sy het in 1994 lid van die Gautengse Wetgewer geword en is as die party se woordvoerder oor onderwys sake aangewys.⁴¹

6. DIE SITUASIE NA DIE 1999-VERKIESING

In die nuwe parlement was 119 uit 400 lede vroue - 29,8%. Van alle lande in Suider-Afrika was dit die hoogste persentasie verteenwoordiging vir vroue.⁴² Op provinsiale vlak was dit 25,8%. Die posisie van vroue was heelwat swakker op plaaslike vlak. Na die plaaslike verkiesings van 1996 was minder as 20% van die 11 000 verkose raadslede vroue. Hiervan is net 11% direk in wyke verkies - die res is van die proporsionele lys af aangewys.⁴³ In die Vrystaat, byvoorbeeld, was net 212 uit 1 202 stadsraadslede vroue. Hiervan was agt burgemeesters, 26 onder-burgemeesters en sewe voorsitters van uitvoerende komitees.⁴⁴

Die nuwe president, Thabo Mbeki, het agt vroue in sy kabinet van 29 aangestel, onder meer in die portefeuljes Buitelandse Sake (N Dlamini-Zuma, soos sy sedertdien bekend gestaan het), Mineraal- en Energiesake (P Mlambo-Ngcuka), Telekommunikasie (I Masepe-Casaburri), Landbou en Grondsake (T Didizo), Behuising (Sankie Mthembu-Mahanyele), Openbare Werke (Geraldine Fraser-Moleketi) en

⁴⁰ **The Star**, 14 Mei 1999.

⁴¹ **Sunday World**, 25 April 1999.

⁴² **Weekly Mail & Guardian**, 18 Maart 2004.

⁴³ **Cape Argus**, 8 Junie 2000.

⁴⁴ **Volksblad**, 25 Maart 2000.

Gesondheid (M Tshabalala-Msimang).⁴⁵ Agt vroue (en slegs vyf mans) is as adjunkministers aangestel - saam met die agt ministers beteken dit dat net meer as 38% van die topposte aan vroue behoort het.⁴⁶ Drie van die vier voorsittende beamptes in die parlement was vroue.⁴⁷ Op provinsiale vlak is me Winkie Direko as premier van die Vrystaat aangestel⁴⁸ met twee vroue as LUR'e. Die Vrystaat se ANC is bekend vir sy deurlopende binnegevegte en Mbeki het vir Direko aangestel in 'n poging om 'n einde aan dié faksiegevegte te maak. In KwaZulu-Natal was slegs 22 uit 80 lede van die provinsiale wetgewer vroue en slegs een vrou was 'n LUR, maar hulle het belangrike werk gedoen as hoofde van portefeuljekomitees en in studiegroepe. In die Oos-Kaap was daar drie vroulike LUR'e, in die Noordelike Provinsie vier, Noordwes drie, Noord-Kaap drie, Mpumalanga twee, Gauteng drie en in die Wes-Kaap net een.⁴⁹

Op aandrang van vrouelede het die parlement vrouevriendeliker geword. Midder-nagtelike sittings is afgeskaf en die parlementêre reses is in ooreenstemming met skoolvakansies gebring.⁵⁰

'n Besondere mylpaal wat betref vroue in die politiek was toe Sankie Mthembu-Mahanyele, Minister van Behuising sedert 1995, in April 2001 vir 'n wyle as president van die republiek waargeneem het toe beide president Mbeki en adjunk-president Jacob Zuma in die buiteland was.⁵¹ Al het sy die posisie net vir een dag beklee, toon dit die vertroue wat die party en die regering in haar gehad het. In Februarie 2003 het sy oorgeneem as Adjunksekretaris-Generaal van die ANC. Haar kollegas beskryf haar as toegewyd en bekwaam met 'n skerp intellek.⁵² Ook die aanstelling aan die einde van 2001 van Nosiviwe Mapisa-Nqakula (eggenote van die destydse Adjunkminister van Binnelandse Sake, Charles Nqakula) as hoof-sweep van die regerende party in die NV, was uniek.⁵³ Hierdie ambisieuse en bekwame vrou, wat in 2003 vir Winnie Madikizela-Mandela as president van die ANC se Vroueliga uitgestoot het, het met die hulp van Mbeki meteoriese opgang in die parlement gemaak. Sy het van voorsitter van die parlement se waghondkomitee oor intelligensie gevorder tot hoof-sweep van die ANC en in Mei 2002 het sy Adjunkminister van Binnelandse Sake geword.⁵⁴ Sheila Camerer het reeds vroeër voorsitter van die NNP se kookus geword en die DA se nuwe kookusvoorsitter in

⁴⁵ **Mail & Guardian**, 25 Junie - 1 Julie 1999.

⁴⁶ **Sunday Times**, 8 Augustus 1999.

⁴⁷ **Sunday Times**, 15 Desember 2002.

⁴⁸ **The Star**, 9 Augustus 1999.

⁴⁹ **Daily News**, 30 Mei 222001.

⁵⁰ **Daily News**, 9 Augustus 2000.

⁵¹ **Daily News**, 30 Mei 2001.

⁵² **Pretoria News**, 9 Augustus 2003.

⁵³ **Burger**, 3 Desember 2001.

⁵⁴ **This Day**, 5 Januarie 2004.

die parlement was sedert Maart 2002 ook 'n vrou, Sandra Botha.⁵⁵ In Augustus 2002 het die ACDP in die Oos-Kaap twee vroue as voorsitter en ondervoorsitter gekies: Colleen Watney en Pat Lekay.⁵⁶

7. DIE AANLOOP TOT DIE 2004-VERKIESING

Tydens die ANC se kongres in Desember 2002 in Stellenbosch het die party besluit dat vroue voortaan 'n derde van alle leierskapsposisies sou beklee - vanaf takke tot in die hoogste besluitnemende gesag; gevolglik is vir die eerste keer drie vroue tot die NUK verkies.⁵⁷

In die aanloop tot en pas na die 2004-verkiesing is wyd geskryf oor vroue wat besondere politieke mag bekom het en in die toekoms 'n invloed sou uitoefen. Die prominentste onder hulle was Patricia de Lille. Terwyl sy nog lid van die PAC was, was sy aan die voerpunt met bewerings oor korrupsie in die toekenning van kontrakte vir wapenaankope en het aangedring op 'n herondersoek daarna. Dit het gelei tot die bedanking van Tony Yengeni as hoofswep van die ANC. Sy het sterk daarop aangedring dat aandag gegee word aan die kwessie van jeugdige gevangenes en arm gemeenskappe, veral in die Wes-Kaap. De Lille was die PAC se hoofswep en voorsitter van die parlement se vervoerkomitee. In April 2003 het sy weggebreek van die PAC en haar eie party, die Onafhanklike Demokrate, gestig. Sodoende het sy die enigste vrou geword wat aan die hoof van 'n beduidende party staan⁵⁸ en sy word ook as een van die toeganklikste politieke leiers beskou.⁵⁹

Volgens **Rapport** het die sowat 40% vroue in die parlement en die 40% onder die kabinetslede en adjunkte nie net kwantiteit verteenwoordig nie, maar ook kwaliteit. Kenners het saamgestem dat Phumzile Mlambo-Ngcuka, Minister van Minerale en Energiesake, die toppresterder was met Thoko Didiza van Landbou en Grondsake kort op haar hakke. Geraldine Fraser-Moleketi van Staatsdiens en Administrasie en die stil maar bekwame Lindiwe Sisulu van Intelligensie het saam met hulle bygedra tot die dinamika in die kabinet. Ander formidabele vroue was Nozizwe Mapisa-Nqakula, Frene Ginwala en die Nasionale Raad van Provinsies se Naledi Pandor. As Minister van Buitelandse Sake het Nkosazana Dlamini-Zuma, reeds voorheen genoem, in teenstelling met haar omstrede optrede toe sy Minister van Gesondheid was, heelwat lof verdien vir haar hantering van groot internasionale gebeure soos die Konferensie teen Rassisme.⁶⁰ Dit was duidelik dat Tshabalala-Msimang en

⁵⁵ **Volksblad**, 15 Maart 2002.

⁵⁶ **Daily Dispatch**, 8 Augustus 2002.

⁵⁷ **Beeld**, 11 Desember 2002.

⁵⁸ **Pretoria News**, 9 Augustus 2003.

⁵⁹ **This Day**, 5 Januarie 2004.

⁶⁰ **Ibid.**

Dlamini-Zuma, ondanks heftige kritiek uit opposisie- en mediageledere, sterk steun van die president geniet het. Hulle was altyd bereid om moeilike besluite te verdedig.⁶¹ Die Gender Advocacy Programme (GAP), wat bevind het dat vroue-politici nie genoegsame dekking in die media kry nie, het dié twee vroue, saam met Winnie Madikizela-Mandela, uitgesonder as vroue wat, hoewel nie altyd om die regte redes nie, die kollig die meeste steel. Tshabalala-Msimang word byvoorbeeld in die media as koppig, irrasioneel, kinderagtig en onbekwaam uitgebeeld.⁶²

Dr. Essop Pahad, Minister in die Presidentskantoor, se uittaling op Bethlehem dat die ANC binne die volgende vyf jaar wetgewing sou instel om alle politieke partye te dwing om 'n derde van hul setels met vroue te vul, het heftige reaksie ontlok. Sandra Botha, die DA se woordvoerder oor vroueregte, het dit as ongrondwetlik beskou en voorsien dat die ANC dan ook kwotas vir taalgroepe, ras, jeugdige en wie ookal kon afdwing. Geslagsgelykheid was volgens haar vir die DA belangrik, maar meriete moet die maatstaf wees.⁶³ **Beeld** se kommentaar was dat dit 'n siniese en seksistiese poging was om vrouestemme te werf. Geslagsgelykheid sowel as vrye politieke uiting word deur die Grondwet voorgeskryf, maar vryheid van politieke uiting is belangriker wanneer dit oor ware demokrasie gaan.⁶⁴ Ook uit ander geleedere is daar vermoedens uitgespreek dat die ANC-leiers se aandrag op gelyke vrouevertewoordiging 'n poging was om vroue, wat in die meerderheid in die land is, se stemme te werf.

Uit navorsing deur die GAP gedoen, het dit aan die lig gekom dat die ANC se 30% vertewoordiging van vroue op sy kandidatelys vir die parlementêre verkiesing van 1999, opgeskuif het na 35% in 2004. Op hul provinsiale lyste is die persentasie ook verhoog. In totaal was 31% van die kandidate wat deur die 37 politieke partye aangewys is, vroue. Die ANC was nie in die eerste plek nie - dié is ingeneem deur die Sosialistiese Party van Azanië (39,2%) en die United Christian Democratic Party (38%). GAP was nie baie opgewonde oor hierdie toedrag van sake nie, aangesien dit ver tekort geskiet het gemeet aan hulle mikpunt van 50%.⁶⁵

8. DIE SITUASIE NA DIE 2004-VERKIESING

Pres. Thabo Mbeki is op 27 April 2004, twee weke na die verkiesing, vir 'n tweede termyn as president ingehuldig. By dié geleentheid het hy die volgende aangaande vroue in die politiek gesê:

⁶¹ **Rapport**, 11 April 2004.
⁶² **Business Day**, 6 April 2004.
⁶³ **Volksblad**, 30 Maart 2004.
⁶⁴ **Beeld**, 31 Maart 2004.
⁶⁵ **Business Day**, 6 April 2004.

Toe ons begin het met die stryd om rassistiese oorheersing te beëindig, het ons ook gesê ons kan nie van ware bevryding praat sonder om die emansipasie van vroue daarby in te sluit nie. Die amfiteater waarin ons sit, is die tuiste van 'n monument wat die bydrae van die vroue van dié land tot die stryd huldig - 'n bydrae wat dit moontlik gemaak het om vandag hier byeen te kom om ons tiende jaar van demokrasie te vier.

Die afgelope verkiesing bevestig dat vroue as die grootste getal kiesers die sterkste stem vir fundamentele maatskaplike verandering in die land is.

Geen regering kan ooit daarop aanspraak maak dat hy die wil van die inwoners verteenwoordig as hy nie slaag in die sentrale taak om vroue in die geheel te emansipeer nie - en dit sluit in die regering wat ons bevoorreg is om te lei.⁶⁶ (Vertaling.)

Vrouevertenwoordiging in die parlement het na die 2004-verkiesing met 10% toegeneem. Sowat 40% van alle parlamentslede en 43% van die kabinet is vroue en daarmee word beslag gegee aan die beginsel van geslagsgelykheid soos deur die Grondwet voorgeskryf. Suid-Afrika het nou die beste vertenwoordiging van vroue in die hoogste regeringstrukture. Van al die partye is dit net die ANC wat 'n kwota-beleid het. Die toenemende getal vroue in die parlement het gelei tot 'n veranderde kultuur. Dit het geslagsvriendeliker geword; talle regshervormings is deurgevoer en vroue is in die Wet op Diensbillikheid tot aangewese groep verklaar, wat beteken dat hulle op regstellende aksie kan aandrang. Daar is verskeie strukture ingestel om wetgewing en beleid oor geslagsgelykheid te monitor. Daar moet egter nog baie gedoen word, veral wat betref die sosio-ekonomiese welstand van vroue.⁶⁷

Die nuwe speaker van die parlement en haar adjunk is weereens vroue. Frene Ginwala het aangedui dat sy wou uitree, maar die wyse waarop die ANC van haar ontslae geraak het, was volgens **The Star** nie baie hoflik nie. Die media en nie die President nie, het haar ingelig van haar ontslag en sy is nie die geleentheid gebied om waardig van die parlement afskeid te neem of om hulde te ontvang nie. Haar opvolger, Baleka Mbete, het die situasie beredder deur in gloeiende woorde hulde aan haar voorganger te bring.⁶⁸ Mbete, 'n indrukwekkende en formidabele vrou, is jonger en gewilder as haar voorganger en haar kleredrag is etnies elegant. Sy beskou konflikhantering as haar spesialiteitsveld en streef daarna om gewone mense by die parlement betrokke te kry. Sy was 'n banneling, sekretaris-generaal

⁶⁶ **Volksblad**, 28 April 2004.

⁶⁷ **Volksblad**, 26 April 2004.

⁶⁸ **The Star**, 26 April 2004.

van die ANC se Vroueliga en een van die vyf komiteevoorsitters by die Kemptonparkse onderhandelinge. As parlamentslid het sy, soos reeds genoem, voorsitter van die ANC-koukus geword - volgens haar 'n moeiliker taak as om speaker te wees.⁶⁹

Die nuwe kabinet is ook vrouliker as voorheen. Van die ministers en adjunkministers is 27 mans en 22 vroue. Pres. Mbeki het gesê dat daar nog nie 50% vroue is nie, maar dit sal wel in die toekoms gebeur. By die ANC Jeugliga se kongres het hy op 19 Augustus 2004 beloof dat daar na die volgende verkiesing 50% vroue-verteenvoording in die parlement sal wees.⁷⁰ (By die Departement van Waterwese en Bosbou se viering van Vrouedag in 2004 het die minister, Buyelwa Sonjica, gesê dat Suid-Afrikaanse vroue nie tevrede sal wees voordat hulle 50% verteenwoordiging in die regering het nie. Die regering moet ook daarop fokus om meer gestremde vroue in die regering te betrek.⁷¹) Daar is tans nie minder as 12 vroueministers nie (die hoogste verteenwoordiging ooit in Suid-Afrika en Afrika), naamlik Thoko Didiza (Landbou en Grondsake), Ivy Matsepe-Casaburri (Kommunikasie), Naledi Pandor (Onderwys), Nkosazana Dlamini-Zuma (Buitelandsake en bo-aan die lys van vroue wat senioriteit in die parlement betref), Manto Tshabalala-Msimang (Gesondheid), Nosiviwe Mapisa-Nqakula (Binnelandse Sake), Lindiwe Susulu (Behuising), Brigitte Mabandla (Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling), Phumzile Mlambo-Ngcuka (Minerale en Energie), Geraldine Fraser-Moleketi (Staatsdiens en Administrasie), Stella Sigcau (Openbare Werke) en Buyi Sonjica (Water en Bosbou). Nege het in die vorige kabinet gedien en drie is uit die geleedere van die adjunkte en die nasionale wetgewer bevorder. Die tien vroulike adjunkministers is Cheryl Gillwald (Korrektiewe Dienste), Ntombazana Botha (Kuns en Kultuur), Rejoice Mabudafhasi (Omgewing en Toerisme), Sue van der Merwe (Buitelandse Sake - die eerste portefeulje met twee adjunkte weens toenemende werklading), Nozizwe Madlala-Routledge (Gesondheid - haar aanstelling is deur die Treatment Action Campaign verwelkom⁷²), Lulama Xingwana (Minerale en Energie), Nomatyala Hangana (Provinsiale en Plaaslike Regering), Susan Shabangu (Veiligheid en Sekuriteit), Jean Benjamin (Maatskaplike Ontwikkeling) en Lindiwe Hendricks (Handel en Nywerheid).

Vanuit opposiegeledere het die meeste kritiek teen die heraanstelling van Tshabalala-Msimang as Gesondheidsminister gekom. Daar is gesê dat haar prestasie, veral met betrekking tot die stryd teen MIV/Vigs, veel te wense oorlaat. Veral die Treatment Action Campaign was teleurgesteld. Nietemin is haar heraanstelling, volgens haar, 'n boodskap van die President dat sy op haar huidige koers moet

⁶⁹ Rapport, 15 Mei 2004.

⁷⁰ Radio Sonder Grense Nuusbuletin, 20 Augustus 2004.

⁷¹ Volksblad, 7 Augustus 2004.

⁷² Volksblad, 30 April 2004.

volhard. Sy glo dat sy in haar vorige termyn 'n grondslag vir gehalte gesondheidsorg gelê het.⁷³ Volgens **Rapport** is dit in die Departement Gesondheid moeilik om vryheid en gelykheid te balanseer. Nie alles wat verkeerd geloop het, is die minister se skuld nie, aangesien sy groot ongelykhede geërf het. Die maatreëls waarop daar volgens dié koerant soveel ongelukkigheid is, is daarop gerig om medisyne bekostigbaarder vir almal te maak en dokters deur die behoeftebepalingsertifikate te dwing om te praktiseer waar die nood die hoogste is. Vrye beweging en vrye handel word dus aangetas ter wille van groter gelykheid. Daar is bedenkinge oor die onderhandelingsproses en medici kla oor toe deure. Die minister wek die indruk van outoritêre en eiesinnige optrede. Die invoer van die nuwe stelsel vir medisynepryse was onhandig en het chaos veroorsaak.⁷⁴ Hierdie optrede het, volgens **Volksblad**, talle negatiewe gevolge - meer dokters kan die land verlaat en sommige aptekers sal dalk hul deure moet sluit en dit alles geskied ten koste van die mense wat gehelp moet word.⁷⁵

Daar was ook vrae oor die aanstelling van Brigitte Mabandla as Minister van Justisie. Daar was kritiek oor die ontoereikende manier waarop sy die behuising-krisis gehanteer het as Minister van Behuising. Haar nuwe portefeulje, Justisie, is 'n sleuteldepartement in die noodsaaklike hervorming van die strafregstelsel in die lig van die onaanvaarbaar hoë misdadafsyfer en in die howe heers daar dikwels chaotiese toestande. Haar ANC-kollegas beskou haar egter as geskik vir die pos, aangesien sy 'n sterk en toegewyde mens is met toepaslike regs kwalifikasies. Tydens die grondwetlike onderhandelinge in Kemptonpark was sy 'n lid van die ANC se grondwetkomitee en sy is ook 'n prominente lid van die ANC se Vroueliga.

Naledi Pandor is wyd verwelkom as Minister van Onderwys. Sy kom uit 'n politieke gesin - haar pa, Joe Matthews, was 'n minister en IVP-leier. Verder het sy baie onderwyservaring, aangesien sy by die Universiteite van Kaapstad en Noordwes klas gegee het, 'n leier in die Union of Democratic University Staff Association (Udusa) en die eerste vrouekanselier van die Kaapse Technikon was. Sy het haar in die parlement onderskei in die onderhandelinge oor die finale grondwet en was die eerste voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies. Haar nuwe portefeulje hou baie uitdagings in, aangesien die ideaal van gelyke onderwys vir almal nog nie bereik is nie en daar talle strydpunte ontstaan het weens haar voorganger, Kader Asmal, se robuuste en outokratiese bestuurstyl. Haar vermoë om te onderhandel en haar raadplegende styl behoort haar in staat te stel om krisis in haar departement te oorkom. Pas na haar aanstelling in haar nuwe pos het sy haar doelstellings uitgestippel. Sy gaan haar beywer vir moedertaalonderrig en om van

⁷³**Ibid.**⁷⁴**Rapport**, 9 Mei 2004.⁷⁵**Volksblad**, 5 Mei 2004.

onderwys weer 'n gerespekteerde beroep te maak. Dit wil sy onder meer doen deur die ontwikkeling van die huidige onderwyspersoneel sodat onderwysers beter kan funksioneer en die beroep aanlokliker gemaak kan word. Dan is daar 'n vyfjaarplan om probleme in plattelandse skole die hoof te bied. Sentra vir voortgesette onderwys en opleiding en beroepsopleiding moet ook beter benut word.⁷⁶

Lindiwe Sisulu, nuwe Minister van Behuising, een van die sleuteldepartemente wat betref pres. Mbeki se verbintenis tot dienslewering, was as Minister van Intelligensie nie te veel in die kollig nie, moontlik vanweë die departement se geheimhouding, maar is 'n baie doelgerigte persoon. Sy kom uit die hoogaangeskrewe politieke gesin van Walter en Albertina Sisulu (beide veteraan ANC-leiers), was 'n politieke banneling in Swaziland en het in 1994 'n lid van die parlement geword. Sy was voorheen voorsitter van die parlementêre intelligensiekomitee en Adjunkminister van Binnelandse Sake. Sy is stylvol en modieus en 'n sprekende voorbeeld van iemand wat nie haar vroulikheid pysgegee het in 'n omgewing wat voorheen deur mans oorheers is nie.

Phumzile Mlambo-Ngcuka is behou as Minister van Minerale- en Energiesake, 'n portefeulje wat belangrik is vir die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika.⁷⁷ Met die heraanstelling van Geraldine Fraser-Moleketi as Minister van die Staatsdiens en Administrasie, is sy die geleentheid gebied om die herstrukturering van die lompe staatsdiens aan te pak sodat 'n meer doeltreffende stelsel tot stand kan kom.⁷⁸ In salarisonderhandelinge met staatsdiensvakbonde toon sy jaar na jaar tot so 'n mate haar staal dat sy as Suid-Afrika se ystervrou bekend staan.

Van Nosiviwe Mapisa-Nqakula verwag pres. Mbeki klaarblyklik om die Departement van Binnelandse Sake, waar daar chaos heers, reg te ruk. Daar was baie spanning tussen haar voorganger, mnr. Mangosuthu Buthelezi, en die president weens die minister se outokratiese bestuurstyl en twiste oor direkteurs-generaal en sekere wetgewing. Sy was vir twee jaar lank adjunkminister in dié portefeulje en daar word gehoop dat sy waargeneem het wat alles verkeerd geloop het, daaruit geleer het en oor die vermoë beskik om dit reg te stel. Sy is in 1984 landuit vir militêre opleiding in Angola en die Sowjetunie en het na haar terugkeer in 1990 'n leier in die ANC se Vroueliga geword. Sy was 'n stigterslid van die Domestic Workers Association in Oos-Londen en het in 1994 'n parlamentslid geword. Voordat sy adjunkminister geword het, was sy lid van die parlementêre komitee oor intelligensie.⁷⁹

⁷⁶ **Rapport**, 2 Mei 2004

⁷⁷ **The Star**, 29 April 2004.

⁷⁸ **Ibid.**

⁷⁹ **Rapport**, 2 Mei 2004.

Buyelwa Sonjica is die groentjie onder die kabinetslede. Na jare as agterbanker en twee jaar as Adjunkminister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, is sy bekwaam genoeg geag om as Minister van Waterwese en Bosbou aangestel te word.⁸⁰

Sue van der Merwe is as Adjunkminister van Buitelandse Sake aangestel. Dit is die enigste departement met twee adjunkte nadat die kabinet bevind het dat Dlamini-Zuma en Pahad, die ander adjunk, se programme te veeleisend geraak het, veral vanweë Suid-Afrika se groeiende betrokkenheid by Afrika. Van der Merwe was voorheen president Mbeki se parlementêre raadgewer.

Carol Johnson van die NNP het in Junie 2003 lid geword van die Parlement se portefeuljekomitee vir Justisie en in September van dieselfde jaar is sy as media-direkteur van die party aangestel. Sy is een van slegs sewe NNP-lede wat na die 2004-verkiesing na die parlement teruggekeer het. Raenette Taljaard, met 'n regsgraad en meestersgrade in internasionale verhoudinge en publieke administrasie,⁸¹ was in 1999 op 26 die jongste lid van die parlement en het as DA-LP meteoriese opgang gemaak, eers as partystrateeg en toe as uitgesproke en doeltreffende lid van die parlement se spesiale komitee oor openbare rekeninge (Skoor).⁸² Sy is die DA se woordvoerder oor finansies en is in September 2004 in 'n ongewone stap as kenner oor huursoldate en private weermagte deur die parlementêre portefeuljekomitee versoek om 'n voorlegging daaroor te doen. Sy glo in intellektuele debat eerder as om op ras te konsentreer en is teleurgesteld oor die kwaliteit van debatvoering in die parlement. Verder glo sy aan diepgaande ondersoek en skroom nie om lastige vrae, selfs aan die president of ouditeur-generaal, te vra nie.⁸³ Helen Zille, voorheen LUR vir onderwys in die Wes-Kaap, was na die 2004-verkiesing een van die DA se 50 parlamentslede en is in Mei 2004 tot die party se amptelike woordvoerder verkies.⁸⁴ Onderwys is haar passie en sy floreer op konfrontasie.⁸⁵

Hoewel vroue in die Nasionale Raad van Provinsies onderverteenwoordig is, beklee hulle die leiersposisies. Joyce Kgoali, 'n voormalige Gautengse LUR vir Vervoer en Openbare Werke, is tot voorsitter verkies en Beatrice Marshoff, premier van die Vrystaat, tot roterende ondervoorsitter. Dit is 'n amp wat jaarliks deur 'n ander premier beklee word.⁸⁶

⁸⁰ **The Star**, 29 April 2004.
⁸¹ **Rapport**, 16 Desember 2001.
⁸² **Rapport**, 20 April 2003.
⁸³ **Beeld**, 11 September 2004.
⁸⁴ **The Star**, 21 Mei 2004.
⁸⁵ **Insig**, Junie 2004, pp.20-22.
⁸⁶ **Volksblad**, 5 Mei 2004.

Vier van die nege provinsies het vroue as premiers. Benewens Beatrice Marshoff (voorheen LUR vir Maatskaplike Ontwikkeling) in die Vrystaat (waar twee van die LUR'e - een 'n gestremde - en nog vyf lede van die Wetgewer vroue is), Edna Molewa in Noordwes (waar Thandi Modise die Speaker en 'n derde van die Wetgewer vroue is), Dipuo Peters in die Noord-Kaap (met drie vroulike LUR'e)⁸⁷ en Nosimo Balindlela in die Oos-Kaap (waar slegs 24% van die lede vroue is). Balindlela was voorheen LUR vir Sport, Kuns en Kultuur in die provinsie.⁸⁸

Wat die Vrystaat betref, is dit die derde agtereenvolgende keer dat 'n vrouepremier aangestel word - eers Ivy Matsepe-Casaburri, gevolg deur Winkie Direko en toe Marshoff. Hulle aanstellings is 'n poging van die president om die ernstige binnegevegte tussen die twee faksies van die ANC in die Vrystaat te temper. Volgens Inus Aucamp, voormalige NNP-lid van die Vrystaatse Wetgewer, het dit in 'n mate gehelp, nie omdat hulle doelbewus probeer het of 'n resep gehad het om sake te kalmeer nie, maar omdat daar meestal hofliker en sagter teenoor vroue opgetree word.⁸⁹

Daar was nie soveel vooruitgang in vroueverteenwoordiging op plaaslike vlak as op nasionale vlak nie. Hoewel die ANC 50% vroue in die proporsionele verteenwoordigende setels vereis, stel hulle nie eise wat wyksverkiezings betref nie.⁹⁰ Daar is 'n aantal vroueburgemeesters, maar slegs een aan die stuur van 'n metropool, naamlik van die Kaapstadse Metroraad.

9. SLOT

Die sukses wat vroue behaal het om te vorder van aktiewe deelname aan die bevrydingstryd tot deelname aan die regering is uitsonderlik op 'n wêreldskaal. Terwyl Suid-Afrika amper laaste op hierdie skaal gelê het, is hy nou amper bo. Vroulike parlementariërs kom uit 'n verskeidenheid sosiale agtergronde, beklee sleutelposisies in regeringsliggame en slaag daarin om politieke kultuur en besluitneming te beïnvloed. Vanweë die gedwonge transformasieproses en die ANC se kwotabeleid mag dit wees dat sommige net daar is om stoele te vul; oor die algemeen is daar egter baie uiters bekwame vroue wat 'n groot bydrae lewer. Vroue se teenwoordigheid het gewis die kultuur in die politiek verander om dit meer deernisvol en bedagsaam te maak. Vroue het besonder vinnig aangepas by die parlement se protokol, prosedures en gebruike.

⁸⁷ **Volksblad**, 4 Mei 2004.

⁸⁸ **This Day**, 29 Maart 2004.

⁸⁹ Onderhoud met Inus Aucamp, 30 Julie 2004.

⁹⁰ Geisler, p.623.

Tog is daar vrae. Gelykstelling van die geslagte vorm deel van die regering se transformasieproses. Volgens Kallie Kriel van die vakbond Solidariteit kan demokrasie alleen gekoester word as die versekering daar is dat die Grondwet in stand gehou en eerbiedig sal word. Dit wil voorkom asof die regering transformasie bo die Grondwet verhef. In plaas daarvan dat transformasie binne die raamwerk van die Grondwet plaasvind, word dit die hoogste gesag in die land.⁹¹ Die ANC se kwotastelsel met betrekking tot die verteenwoordiging van vroue, is ook ondemokraties en laat vrae oor meriete ontstaan. Daar moet 'n balans tussen die twee elemente van demokrasie, naamlik vryheid en gelykheid, gevind word. Wat gelykheid betref, behoort dit dalk eerder 'n kwessie van gelyke geleenthede as van gelyke verteenwoordiging te wees, sodat meriete die finale deurslag gee. T Mtintso (voormalige voorsitter van die Kommissie vir Geslagsgelykheid en tans Adjunksekretaris-generaal van die ANC) sê: "The beautiful start was made by the ANC on numbers. The next step is not just to get the numbers, but also the quality of the numbers ..."⁹²

Dit is president Mbeki se laaste termyn in die amp. Dit is nie onmoontlik dat hy deur 'n vrou opgevolg kan word nie. N Dlamini-Zuma is 'n sterk aanspraakmaker op sy troon. Daar is in ANC-geledere agting vir die wyse waarop sy haar portefeulje hanteer en by haar standpunte staan. Verder word daar ook bespiegel dat sy Mbeki se keuse is.⁹³ **Rapport** skryf: "(D)ie aanwys van 'n vrou as sy opvolger sal vir Mbeki die beste nalatenskap van sy verbintenis tot die bemagting van vroue wees." Politieke kenners twyfel egter of die ANC al gereed is om deur 'n vrou gelei te word - die kans vir 'n vrou om adjunkpresident te word is dalk groter.⁹⁴

⁹¹ **Rapport**, 30 Mei 2004.

⁹² Geisler, p.627.

⁹³ **Rapport**, 23 Mei 2004.

⁹⁴ **Rapport**, 3 Oktober 2004.